

Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoop is

ds. PJ Kriel

Dooppreek Chrisjan Joubert

20.01.2019

Liturgie 1. Lied 171 verse 1 en 2; Lied 289 verse 1 en 2. Lied 273 verse 1 – 3.

Inhoud Hierdie preek wys is die verskil tussen ons vereniging met Christus as mens in die hemel en hoe mense in God se goddelike krag, lewe en mag ingeprop wil wees. Christus sluit ons in in sy lyding, kruisiging, dood en opstanding in sodat ons kan deel wees van sy heiligheid, regverdigheid en onberispelikeid as mens voor God. Die doop met water is 'n teken dat ons ingesluit is in Christus. Ons doop met water is dieselfde doop as Christus se doop met water want sy doop wys Hy vir ons die sondaar in ons plek en is in sy plek heilige en regverdige mense. In die afgodsdien van die moderne Christelikheid maak hulle die doop 'n seremonie dat jy ook die magsdade van Jesus uitgevoer het, om jouself te verneder, jou eie-ek te kruisig en dood te maak sodat jy daardeur deel kry van die goddelike krag, lewe en mag van God. Hulle waterseremonie word net een van vele wat mense se goddelike lewe uitbeeld. Met Christus se waterdoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Gees verseël Christus ons vereniging met Hom in sy menswees vandag, een keer en vir altyd.

Skriflesing Matteus 3: 13 – 17; 28: 16 – 20; Markus 10: 35 – 40; Romeine 6: 3 – 11.

Teks Romeine 6: 3 “Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood ingedoop is nie? Direkte Afrikaanse Vertaling

Tema Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoop is

1. Ons doop vanoggend vir Chrisjan Joubert met water.

Hierdie doop waarmee ons doop, met water, is 'n teken waarmee die Here verseël dat Hy self, Jesus Christus, Chrisjan ingedoop in Homself. Dit is wat Chrisjan se waterdoop sigbaar maak – Hy is ingedoop in Christus en daarom ingedoop in alles wie Jesus as mens vir Hom is en wat Jesus vir Hom as Here gedoen het.

Om ingedoop te wees in Christus Jesus beteken dat ons verenig is met Jesus Christus in wie Hy as mens vandag in die hemel is, en daarom ook verenig is met alles wat Hy in ons plek vir ons as mens is.

Vanoggend gaan ons na hierdie verskil kyk: ons is verenig met Christus, ons is nie ingeprop in God nie. Om ingeprop te wees in God is somer die nonsens van mense se afgodsdien. Om met Christus verenig te wees, is wat God regtig met ons doen.

2. Kom ons kyk na 'n voorbeeld wat vir ons die verskil wys om verenig te wees met Christus teenoor om ingeprop te wees in God!

Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoop is

Die eerste voorbeeld gaan oor inenting! Hier het ek 'n plant in 'n sakkie wat se wortels skoon en sonder swamme en kieme is. 'n Mens kan sommer in hierdie mooi blare wat so welig groei, sien hierdie plant het skoon en siektevrye wortels. Daarom groei die plant so goed.

Hier het ek 'n takkie van 'n plant wat se wortels so vol kieme en siektes was dat die plant swak was en besig was om dood te gaan. Toe sny ek hierdie takkie van die plant se siek wortels af.

Inenting is wanneer ek nou 'n mes vat en hierdie gesonde plant se stam so skuins afsny. Dit is nie sommer net breek nie. Dit moet reg gesny word. So skuins dat 'n ander skuinsgesnyde takkie op hierdie sny kan inpas.

Nou vat ek hierdie takkie van die swak en siek plant, en sny hom ook so skuins, en dan sit ek hom so op die plant met die goeie wortels vas. Nou het ek hierdie twee plante met mekaar verenig! Hulle is nou nie meer twee verskillende plante nie. Hulle is nou verenig om een plant te wees.

Baie belangrik! Wanneer ons die twee takkies op mekaar verenig moet ons dit met lint verseël. Wanneer ek hierdie lint om die twee takkies draai, dan verseël ons hulle vereniging. Die verseëling hou hulle vas en maak hulle toe in hulle vereniging.

Inenting beteken nou gaan al die krag van hierdie plant deel word van hierdie takkie en die takkie gaan nou mooi blomme en vrugte dra deur sy vereniging met die ander plant.

Wat is die groot geheim van inenting? Die plant wat sterk is en die takkie moet dieselfde soort plante wees. Jy kan vye net op vye inent, neute net op neute inent, koejawels net op koejawels inent en duiwe net op duiwe inent. Anders sal hulle nooit verenig en een wees nie.

3. Wat beteken om ingepronk te wees in God. Kom ons kyk nou na 'n ander voorbeeld: 'n kragpunt en 'n takkie!

Hierdie kragpunt is vol elektriese krag. Wanneer jy iets in hierdie kragpunt inpronk, dan word dit deel van die kragstroom. Wat gaan gebeur wanneer ek hierdie takkie in hierdie kragpunt inpronk? Gaan dit een word met die elektriese koord en gaan die elektriese krag hierdie takkie laat blomme kry en vrugte dra?

Nee! Dit sal die takkie brand, seermaak, en as jy dit lank daarin inpronk sal dit uitbrand en net as word.

Hierdie voorbeeld wys ons dat ons met Christus Jesus verenig word, deur in Hom ingeënt te word as 'n mens, ons word nooit binne in God ingepronk om deel van God

Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoop is

se goddelike krag, sy goddelike lewe, goddelike persoon of goddelike mag te word nie.

Om verenig te word met Jesus maak dat ons vrugte dra, maar om in God se krag ingeprop te word, verbrand ons en maak ons net as, niks nie!

4. Kom ons kyk hoe Romeine 6 beskryf hoe ons ingeënt en verenig is in Christus Jesus, net soos hierdie takkie in hierdie plant ingeënt en verenig is.

Paulus stel dat Jesus Christus vandag as mens in die hemel sy lewe vir God leef. Hy het uit die dood uit opgestaan om weer net soos ons mens te wees van vleis en bloed in die hemel. Paulus en Lukas was vriende en kollegas in die verkondiging van die evangelie. In die Evangelie Lukas wys Jesus ons self hoe lyk sy opstandingsliggaam vandag: “Kyk na my hande en my voete, dit is Ek self! Vat aan my en kyk, ’n gees het nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie.” (Luk. 24: 39) Hoekom is dat só belangrik dat Jesus vandag net soos ons ’n mens van vleis en bloed moet wees in die hemel? Want inenting en vereniging kan net werk as die twee wat in mekaar ingeënt word presies dieselfde soort is. As Jesus nie net soos ons mens is nie, kan ons nie met Hom verenig word nie.

Paulus stel dit so: “As ons inderdaad ingelyf is in ’n dood soortgelyk aan syne, sal ons ook ingelyf word in ’n opstanding soortgelyk aan syne.” Rom. 6:5 Omdat Christus mens is en ons met Hom verenig is, deel Hy sy dood, sy begrafnis en opstanding met ons, net soos ’n plant alles wat Hy met sy wortels uit die grond haal met die nuwe ingeënte takkie deel omdat hulle dieselfde soort is.

5. Afgesny en vasgemaak in mekaar!

Dit is wat die plant en die takkie moeg gebeur! Die takkie moet afgesny word van sy eie siek en swak wortels. Kyk hoe wys Paulus dat dit is wat die Here met ons doen: “Dit weet ons: dat ons ou mens met Hom gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word.” Rom. 6: 6

Dit het die Here met Chrisjan en elkeen van ons gedoen. Daardie lewe waar ons uit ons eie sondige geaardheid moes leef, het die Here afgesny. Deur ons van ons sondige geaardheid, daardie geaardheid vol siektes en kieme af te sny, het die Here ’n einde gemaak aan ’n lewe waar Chrisjan net uit sy eie siek sondige geaardheid krag sou gekry het om mee te leef.

Maar God het Jesus se lewe ook afgesny! Paulus stel dit só: “Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy ter wille van die sonde eens en vir altyd gesterf, maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God.” Rom. 6: 10 Christus se lewe was afgesny nie omdat sy geaardheid siek was nie, maar juis omdat sy geaardheid goed, reg en skoon is. Sy

Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoop is

lewe was afgesny sodat ons met Hom verenig kan wees en die lewe kan leef want Hy leef: ons leef met Hom uit die krag van sy goeie, skoon en regte geaardheid.

So is Hy en ons afgesny: Hy van sy goeie lewe wat en ons van ons siek sondige geaardheid. So is ons in mekaar vasgemaak om uit dieselfde krag te leef: die krag van sy dood en opstanding as mens.

6. Wat is hierdie krag waaruit ons en die Here nou saam uit leef!

Met 'n plant en 'n takkie is dit dieselfde water en minerale en kos. Die wortels en die takkie leef nou uit die krag van die wortels!

Die krag waaruit ons en die Here saamleef is die krag van sy dood as mens, sy begrafnis as mens en sy opstanding as mens. Die krag van sy dood beteken dat die Here al ons skuld sy eie skuld gemaak. Die krag van sy begrafnis beteken die Here het ons skuld heeltemal weggevat en vir altyd wegbegrawe toe Hy begrawe was. Die krag van sy opstanding beteken dat die Here sy goeie, heilige en regverdige lewe met ons deel, en so ons self vir God reg, goed, skoon en heilig maak.

Omdat ons verenig is met Christus leef ons werklik as mense wat vir God reg, goed en heilig is, want dit is wat ons met die Here is en deel in ons vereniging met Christus. Alles wat in die plant se wortels is, is deel van hierdie takkie deur hulle inenting en vereniging.

7. Wat gaan hierdie takkie doen wanneer hy ingeënt is op hierdie plant? Wat gaan Chrisjan doen omdat hy ingedoop is in Christus?

Vir die eerste ruk gaan jy regtig niks sien nie en dink die takkie is somer net 'n dooie takkie, en dan eendag gebeur daar iets! Sulke klein knoppies kom uit en hulle word blare, dan kom daar weer sulke klein knoppies en word blomme en dan word hierdie blomme vrugte. Die takkie wat soos 'n dooie siek takkie gelyk het, leef en dra blare en vrugte.

Hoekom?

Want hy is verenig met die sterk plant en word vervul met alles wat in die plant se wortels is. Daarom leef hy en dra hy vrugte. Dit is Paulus dit ook beskryf in Rom. 6: Ons is dood vir sonde en ons lewe vir God omdat ons met Christus verenig is.

Daarom stry ons teen sonde, bely ons sonde wanneer ons sonde doen, is ons jammer wanneer ons sonde doen, wil ons god lief hê en dien. Daarom eer, dank, loof en prys ons die Here. Dit is alles die vrugte wat ons dra omdat ons ingeënt en verenig is met Jesus Christus en deel is van wie Hy vir ons is.

Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoop is

Dit is wat ons ook vir Chrisjan geen sien doen van kleinsaf. Van kleinsaf gaan die Here hom jammer laat wees oos sonde, maak dat hy lief wil hê en tot die Here wil bid. Omdat hy verenig is met Christus sal Christus hom vrugte laat dra.

8. Wanneer Paulus sê ons is ingedoop in Christus, dan beteken dit twee dinge tegelykertyd Dit beteken ons is ingedoop in Christus self, ingeënt in wie Hy as mens in die hemel vandag is, en tweedens beteken dit ons is met dieselfde waterdoop gedoop as waarmee Jesus gedoop was.

Ons doop Chrisjan met dieselfde waterdoop as waarmee Jesus gedoop was.

Dit sien ons in Mateus 3 toe Johannes nie vir Jesus wou gedoop het nie. Hy weier om Jesus te doop toe Jesus vir Hom sê hy moet Jesus doop. Hy het mense gedoop wat sondaars is en tot bekering gekom het deur te glo in die Christus se koms. Volgens ons voorbeeld het hy geweet Jesus is 'n goeie plant met skoon wortels. Jesus is nie 'n mens met 'n sondige aard nie.

Jesus het egter vir Johannes gesê Hy moet as 'n sondaar gedoop word, al is Hy nie 'n sondaar nie want op hierdie manier gaan Jesus sondaars se sonde wegvat – deur in hulle sonde ingedoop te word en hulle sonde sy eie sonde te maak, sodat hulle ingedoop kan word in sy regverdigheid en heiligheid as mens.

Dit is mos presies wat die Here met Chrisjan gedoen het: die Here is sy sonde ingedoop sodat die Here dit kan wegvat en Chrisjan is in die Here ingedoop, ingeënt sodat hy werklik deel het aan die heiligheid en regverdigheid van Jesus as mens.

Jesus se doop met water en Chrisjan se doop met water is dieselfde doop: dit is 'n teken wat die Here mee wys Christus en Chrisjan is in mekaar ingedoop, ingeënt.

9. Volgens ons voorbeeld is die doop met water hierdie lint waarmee ons die inenting vasmaak, verseël. Dink julle dit is sommer net vir die mooiheid dat ons hierdie lint om die inenting vasdraai of is dit iets wat nodig is?

Dit is baie nodig.

Met hierdie lint word die inenting so vasgemaak dat hierdie twee takkies vasbly sodat hulle kan vasgroeï en een plant kan word.

Dit is wat ons nou met die waterdoop gaan doen. Ons gaan Chrisjan se inenting binne in Christus vasmaak sodat dit toe en vas is sodat hy en die Here kan saamgroeï om een te wees en een lewe te leef.

Jesus het nooit iemand met water gedoop nie. Johannes die Doper was die eerste predikant wat mense gedoop het en toe het Jesus se dissipels ook begin om mense

Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoop is

te doop. Dit is baie belangrik. Die Here doop ons in Hom in, dit is Hy verenig ons met Hom sodat ons en Hy een is. Dit doen Hy deur sy krag as God. Paulus beskryf dit só: “Deur die doop is ons dus saam met Hom begrawe sodat, net soos Christus deur die magtige daad van God uit die dood opgewek is, so ook ons ’n nuwe lewe sal lei.” Rom. 6: 4 Dit is net God wat met sy goddelike mag vir Chrisjan regsny, vasmaak aan Christus en hulle een mens en lewe maak.

Al wat die Here deur ons doen, is om met die teken van die waterdoop, die inenting vas en toe te maak, maar dit is baie nodig vir Chrisjan en elkeen wat in die Here ingedoop is. Die doop met water verseël die indoop in Christus self is.

10. Jesus se dissipels wou nie gehad het dat kinders gedoop moes geword het nie.

Hoekom hulle só geglo het sien ons in Markus 10. Twee van Jesus se dissipels, Johannes en sy broer Jakobus kom en vra Jesus dat wanneer Hy eendag doodgaan, hulle Hom kan opvolg en dan vir mense die Christus kan wees omdat Jesus nie meer daar sal wees nie. Dit is wat hulle versoek aan die Here aan beteken.

Jesus sê vir hulle, hulle kan nie Hom opvolg as Hy dood gaan nie want hulle kan nie met die doop gedoop word waarmee die Here gedoop is nie en hulle kan nie die beker drink wat die Here gaan drink nie. Met hierdie woorde wys die Here dat hulle nie in die plek van sondaars vir hul sonde kan ly, sterf, gekruisig word, uit die dood uit opstaan en opvaar na die hemel om vir altyd die mens te wees waarin ons ingedoop word nie.

Hulle verskil openlik met Jesus en sê vol selfvertroue vir Jesus dat hulle kan doen wat Hy vir mense gaan doen! Hierdie was die derde keer dat die Here vir hulle vertel het Hy gaan vir hulle sonde ly, gekruisig word, sterf en uit die dood uit opstaan in hulle plek, maar hulle het nie geglo in wat Hy vir hulle sê nie.

Hulle het geglo hulle kan ook na Jerusalem toe gaan en vir God se saak ly, gekruisig word, sterf en dan sal hulle gees ook voortleef na hulle dood, net soos baie Jode al vir die Messias gestry het onder die Romeine. Hulle het geglo hulle is God se vegters wat vir God se saak alles kan doen wat Christus vir God se saak doen.

11. Omdat Jesus weet dat hulle nie in Hom kan glo voor hy uit die dood uit opgestaan het om vir altyd ’n mens van vleis en bloed te wees in wie sondaars ingeënt gaan word nie, verander die Here die betekenis van hulle woorde en sê dat hulle kan met sy doop gedoop word en hulle kan sy beker drink.

Maar dit is iets anders as wat hulle bedoel en wil doen.

Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoop is

Dit beteken nie hulle kan die werk doen wat die Here doen nie. Dit beteken dat die Here hulle ook met hulle verkeerde geloof gaan insluit in Homself en eers nadat hulle ook ingesluit is in Homself, sal hulle die vrugte van gelowiges kan dra.

Daarom sê die Here hulle doop met water sal wys dat hulle ingedoop is in Hom en die nagmaalsbeker sal wys dat hulle deel alles wat Hy vir hulle gedoen het.

Net voor hulle verklaar het dat hulle alles kan doen wat Jesus gaan doen het hulle met Jesus se tweede lydingsaankondiging die kinders by die Here probeer wegkry. Hulle het geglo die kinders is nog te klein om soos hulle vir God se saak te ly, gekruisig te word, te sterf en uit die dood as geeste op te staan, net soos hulle glo Jesus sou doen. Daarom het hulle geglo kinders is nie deel van wie Jesus is wat Hy doen nie, en sou hulle hulle ook nie gedoop het nie.

12. Hulle het alles verkeerd gesien. Hulle wou alles soos Jesus doen om ingepron in God se goddelike krag te wees. Vir hulle was die doop nie 'n verseëling dat jy ingedoop is in Christus nie, maar dat jy alles self ook kan doen wat Jesus doen. Daarom verklaar hulle ons kan soos Jesus gedoop word, want ons kan alles doen soos Jesus gaan doen! En wanneer hulle alles soos Jesus gedoen het, sal hulle ingepron wees in God se goddelike krag, lewe en persoon.

Hulle doop soos hulle dit geglo het, is nie meer 'n verseëling dat jy ingedoop is in wie Jesus is en net Hy alleen vir jou gedoen het nie. Hierdie doop is nou iets anders. Dit is 'n mooi strikkie wat wys jy het alles self ook gedoen wat Jesus gedoen het en dat jy nou in God se goddelike krag ingepron is. Dit is nie meer 'n verseëling van ons vereniging met Jesus as mens in die hemel nie.

Hulle het verkeerdelik geglo dit werk dan so! Wanneer jy ook vir God se saak ly, vir God se saak gekruisig word, vir God se saak sterf en vir God se saak soos Jesus uit die dood uit opstaan, dan kry jy hierdie mooi strikkie wat wys jy het alles gedoen net soos Jesus dit gedoen het en jy is ingepron in God se krag.

Dit is soos om 'n takkie eers in te pron in hierdie kragpron en dan mooi strikkie om hierdie plant vas te maak omdat hy kamstig nou vol elektriese krag is!

Hier het ek 'n los takkie met 'n mooi rooistrikkie omgebind. Is hierdie mooi strikkie dieselfde as hierdie lint wat 'n inenting vasmaak en toehou, verseël? Dit is heeltemal iets anders. Hierdie strikkie maak nie 'n inenting vas nie, dit is maar net 'n mooi versiering wat eintlik sommer net simpel is, want die elektriese krag brand die takkie, Dit laat hom glad nie groei en vrug dra nie.

13. Mense maak vandag nog steeds so soos die Here se dissipels gemaak het: hulle verklaar ons kan doen wat Jesus gedoen het! En dan glo hulle dit regtig!

Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoop is

- Hulle glo hulle kan hulle self onder God se oordeel laat ly en hulle self voor God net so verneder, net soos Jesus gely het en verneder is.
- Hulle glo hulle met hul eie-ek self kruisig, net soos Jesus gekruisig was.
- Hulle glo hulle moet hul eie-ek dood maak net soos Jesus gesterf het, en wanneer hulle dit doen dan sal God se krag en mag en lewe binne in hulle opstaan net soos Jesus uit die dood uit opgestaan het.

En vir alles wat hulle net soos Jesus gedoen het, glo hulle nou is God se krag en lewe binne in hulle, en kry hulle die doop as 'n mooi strikkie, 'n mooi seremonie omdat hulle alles kan doen wat Jesus gedoen het en in God ingeprop is.

Omdat kinders, veral babas, nog nie kan doen wat Jesus gedoen het nie, mag hulle nie 'n mooi strikkie kry om te wys hulle het alles gedoen wat Jesus gedoen het nie. Hulle mag nog nie die strikkie dra dat hulle in God ingeprop is nie.

Eers wanneer hierdie babas dan groot is en kamstig alles self doen wat Jesus gedoen het om ingeprop te wees, is God se krag, mag hulle die doop as 'n mooi strikkie, 'n mooi seremonie kry.

14. Wat is die doop met water? Is dit die manier waarop Christus as Here self ons inenting in Christus vasgedraai, toegedraai, verseël word, of is dit 'n strikkie waarmee ons wys ons het onself in God ingeprop? Kom ons kyk waarvan is die doop met water 'n verseëling.

- Inenting werk net as dit dieselfde soort plante is. Daarom word ons ingedoop in wie Christus as mens in die hemel vandag is. Hy is net soos ons mense van vleis en bloed vandag en daarom kan ons in hom ingeënt, ingedoop en verenig word. Ons word nooit ingeprop in God se goddelike krag en lewe nie.
- Christus se lewe is afgesny sodat ons in Hom as mens ingeënt kan word. Hy is vir ons die goeie en skoon wortelstelsel. Hy is nie afgesny, gekruisig en gesterf om vir ons te wys wat ons met ons self moet doen nie.
- Christus se heiligheid en regverdigheid as mens word deel van ons lewe en die krag om vrugte te dra, tot bekering te kom, te bid, god en ons naaste lief te hê en God te aanbid. Ons kry nooit God se goddelike krag en lewe nie. Dit sal ons stukkend maak, nie vrug laat dra nie.

Daarom is die doop met water in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees altyd die verseëling dat ons ingeënt is, verenig en ingedoop is in wie Jesus as mens vir ons vandag in die hemel is. Die doop met water is nooit 'n mooi strikkie wat wys dat jy doen wat Jesus gedoen het en ingeprop is in God se goddelike krag nie.

Dit is die lint waarmee die Here ons inenting in Hom vasmaak en toemaak!

Die teken van die doop verseël dat ons in Christus se menswees ingedoop is

15. Geestelike mense wat soos die dissipels glo dat die doop is 'n mooi strikkie wat wys jy is ingeprop in God se goddelike krag, wil nie hê ons moet vandag vir Chrisjan die teken gee wat sy vereniging met die Here vasmaak en toemaak nie.

Hulle sê 'n verskriklike simpel ding. Hulle sê takkies moet eers blare kry, blomme kry en mooi vrugte dra, voor hulle in God ingeprop kan word. Dink julle dit kan ooit so werk: eers wanneer 'n takkie blomme dra en vrugte dra, kan hy ingeënt word? Dit is mos onmoontlik dat dit so kan werk. Jy moet mos juis ingeënt word, omdat jy dit nie kan doen nie en net deur ingeënt te wees sal jy kan blomme en vrugte dra.

Wat is eerste, inenting of vruggies dra? Inenting! Dit is hoekom die Here Chrisjan in Homself ingeënt en verenig het: juis sodat hy as 'n takkie sonder eie krag nooit sonder hierdie inenting die vrug kan dra van bekering, gebed, liefde en aanbidding nie. Daarom doop ons Chrisjan sodat sy verenging met die Here vas en toe kan wees want dit is hoe die Here hom gaan laat vrug dra: laat bid, bekeer en liefhê.

Hulle sê so simpel ding omdat hulle glo die doop is 'n mooi seremonie, strikkie wat jy kry as jy vrug dra. En daarom is die een doop nie genoeg nie, vir elke ding wat jy vir die Here gaan doen het hulle 'n nuwe strikkie wat hulle om jou sit: vir elke bekering, gehoorsaamheid en toewyding moet jy 'n nuwe soort strikkie met sy eie kleur kry: jy moet deur water loop voor die kerk se deur, dit is jou geel strikke; Jy moet kersies opsteek op die dag waarop jy gedoop was, dit is jou blou strikkie en jy moet elke keer water op jy kop sit as jy tot bekering kom, dit is jou pienk strikkies.

Dink julle dit is hoe ons ingedoop word in Christus, met verskillende mooi strikkies wat wys jy is ingeprop in God en dra vrugte?

Nee!

Ons word net eenkeer in Christus ingeënt, net eenkeer met Christus verenig en leef vir altyd uit die krag van sy dood en opstanding. Daarom word ons ook net eenkeer met water gedoop: net eenkeer word ons inenting met die Here vasgedraai en toegemaak deur die doop, en dit hou vir altyd.

Kom ons doop Chrisjan soos ons julle almal gedoop het: kom ons maak met water sy vereniging met Jesus Christus as mens in die hemel vas. Kom ons doop Chrisjan met die waterdoop waarmee die Here self gedoop was: Hy afgesny sodat ek in Hom ingeënt kan word!

Want Chrisjan is verenig met Christus, ingeënt, nie ingeprop in God se krag nie.